Afrikaans

**1/3/3/8/4**

DIE REDAKTEUR
SAL U ASSEBLIEF SO GAAF WEES OM DIE BRIEF TE PUBLISEER IN U KOERANT SE BRIEWE AFDELING.

C.F. van der WESTHUIZEN
Posbus 1044
Joubert Park
2044

Meneer F.W. de Klerk
Die Staatspresident van R.S.A.

Geagte Meneer de Klerk

As 'n burger van Suid-Afrika wil ek graag aan U en U regering die volgende vraag vra, waarop ek graag 'n antwoord sal terugverwag. Met U oorname as Staatspresident het U baie veranderings in die land aangebring. Die grootste was seker die vrylating van (i) Nelson Mandela, (ii) die opheffing van die A.N.C.

Ek het geen haat teen enige ras of kleur nie. Dit bring my nou tot die vraag wat ek wil vra en 'n antwoord van U as Staatsleier tesame met U regering wil he - skriftelik sal waardeer word, of deur die media.

1. Waarom kan U dan ook nie die " Gay Lewe " in S.A. wettig maak nie?
2. Waarom kan Gay's dan ook nie wettig in die huwelik tree nie?
3. Twee vrouens mag hand aan hand in die straat rondbeweeg, maar nie twee blanke mans nie!! Wel, mag nie-blanke mans hand aan hand in die strate rondbeweeg.

Meneer die Klerk, ek is Gay en ek sal so sterwe. My hele familie aanvaar my, my werk aanvaar my - hoekom? Ek en die meeste sal ek se, 99% van die Gay mense in S.A. is die beste werkers.

Ons kry Gays in alle groepe. Van 'n straatskoonmaker, S.A.L., S.A.S., die gewone klas werker, kinders van parlementslede, kunstenaars, bankwese, aptekers, SAUK - lede, ek kan vele meer noem. Ek is seker dat indien die Gay-mense moet besluit om op staking te gaan, ek bedoel alle Gay,s saamstaan, val die land se ekonomie ten gronde.

Ek vra U dus om na die saak om te sien en daaroor ernstig te besin. In sommige oorsese lande is die Gay-lewe wettig. Waarom dan nie in R.S.A. nie?

Meneer de Klerk as U dink aan die woord " AIDS " / " VIGS "kan ek net se dat sover statestieke deesdae, is dit meer onder Hetrosekuele mense as onder Gay's!! Hoe verstaan U dit dan as baba's gebore word met Aids?

Ek bly nou al 5 jaar saam met 'n man en ons is baie gelukkig. 'n Cristen is ek en hy. Kerksmense ja! Beide het 'n goeie werk - besit 'n woonstel wat gekoop is. Tog moet ons lewe soos skelms, hoekom? - Omrede ons Gay is.

Vir sommige mense soos die K.P., AWB, HNP en wie weet nog, het U die land verkoop vir " ander " mense. Nee, vir my as 'n Landsburger wat stemreg het en wat begrip het oor verandering, wat moes gebeur? - " Wel gedaan " President F.W. de Klerk.

Graag wil ek net he dat U die situasie regstel:
Gee die gay-mense in R.S.A. hul reg om hul lewe te lei soos wat dit enige twee mense wat mekaar opreg liefhet, te lewe. Graag wil ek net iets ophaal wat in die GROOTBOEK geskrywe staan: m.a.w. die BYBEL. " Wie is u om te oordeel, as EK daar is om te oordeel. Want die dag van oordeling sal EK die oordeel fel." Dan ook in die Bybel word daar in Kor: 13:13 gese: " En die grootste hiervan is die liefde". So wat is dan die verskil tussen 'n man en 'n vrou, twee vrouens of twee mans wat mekaar opreg liefhet.???

Ek myself is liewer vir die man met wie ek saamlewe as vir my eie bloedfamielie, en omgekeerd. Meneer F.W. de Klerk, sal U my asseblief per kerende pos verwittig hetsy op 'n antwoord of U my brief ontvang het en wat U en U regering se standpunt is omtrent die baie " seer " en netelige situasie in die R.S.A., wat die gay-lewe aanbetref.

Ons as Homoseksuele in R.S.A. wil ook 'n normale lewe lei, sonder om vervolg te word, en gediskrimineer te word, sonder om op afgesien te word.Ons Gay mense van R.S.A. betaal presies dieselfde:
1.) Belasting
2.) Huur
3.) BTW
4.) Het presies dieselfde uitgawes as wat uself mag he. Vir ons is die lewe " Hel " want ons moet altyd veg vir ons regte. Soos in enige groep mense kry jy jou " vrot tamaties " maar hoekom altyd die " Gay mense " downrun?

Baie dankie vir die tyd wat U spandeer om my brief te lees. Die selfde kopie wat ek aan U gestuur het, gaan ek ook aan die media stuur.

Met opregte dank

C.F. van der WESTHUIZEN
Suid- Afrikaanse Burger

*Kantoor van die Staatspresident*

Uniegebou
Privaatsak X1000
0001 Pretoria

I5(4175)

10 Augustus 1993

Mnr C F van der Westhuizen
Posbus 1044
**JOUBERT PARK**
2044

Geagte mnr Van der Westhuizen

Ek erken met dank ontvangs van u brief aan die Staatspresident.

President De Klerk het kennis geneem van die inhoud daarvan. In die lig van die feit dat die aangeleentheid wat u opper onder die Minister van Binnelandse Sake ressorteer, is u skrywe vir verdere aandag na hom verwys.

Met vriendelike groete

Burnett
**ADMINISTRATIEWE SEKRETARIS**

---

**NAVRAE: MEV T BURNETT** **TEL: (012) 325-2000**

C39a

*Ministerie van Binnelandse Sake* — *Ministry of Home Affairs*

B2M2

M3/2/10/13

23 Augustus 1993

Mnr C F van der Westhuizen
Posbus 1044
JOUBERT PARK
2044

Geagte mnr Van der Westhuizen

**WETTIGING VAN "GAY-LEWE" IN DIE RSA**

In opdrag van mnr D P A Schutte, LP, Minister van Binnelandse Sake, erken ek ontvangs van u onlangse skrywe. Kennis is geneem van die inhoud daarvan.

Die aangeleentheid geniet aandag en 'n verdere skrywe sal eersdaags deur die Direkteur-Generaal: Departement van Binnelandse Sake aan u gerig word.

Met vriendelike groete

**ADMINISTRATIEWE SEKRETARIS**

Privaatsak/Private Bag X741
PRETORIA 0001
Tel. (012) 326-8081
Faks/Fax (012) 21-6491

Privaatsak/Private Bag X9102
KAAPSTAD/CAPE TOWN 8000
Tel. (021) 461-5818
Faks/Fax (021) 461-2359

BI-574